# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

11 Augustus 2023 Uitgawe: 4/3/2023

## UIT DIE KANTOOR

So na Vrouedag dink ek dit is net gepas om hulde aan die moeders of aanstaande moeders van ons land te bring. Dankie dat julle die gom is wat die huisgesin bymekaar hou.

Ons o/13A netbaldogters het op 9 en 10 Augustus ons skool by die SA Netbalkampioenskappe verteenwoordig. Met so baie spanne wat daar gespeel het, het Tjokkies baie goed gedoen. Tjokkies eindig 15de in Suid-Afrika – wat 'n uitstekende prestasie is. Baie dankie dames vir die voorbeeld wat julle gestel het en die goeie spel wat julle gelewer het. Baie dankie ook aan die juffrouens wat hierdie kinders vergesel het.

Van ons manne se kant af is ons trots om deel van hierdie skool te kan wees.

**Akademie**

Die kwartaal is nou bykans halfpad en die leerders het al heelwat akademiese werk gedoen. Die leerders het reeds die toetsrooster ontvangs vir hierdie kwartaal se toetsreeks wat op 21 Augustus begin. Die leerwerk word ook binnekort aan die leerders uitgedeel. Maak asseblief seker dat u dit ontvang.

**Tjokkie Hokkiefestival**

Op 19 Augustus vind ons jaarlikse hokkiefestival by die UV plaas. Soos gewoonlik is daar baie kinders wat deelneem. ABSA is vanjaar ons splinternuwe borg vir hierdie geleentheid. Ons is baie dankbaar vir hierdie borgskap, want sonder finansiële ondersteuning sal ons nie so 'n dag kan aanbied nie. Tjokkies sê baie dankie!

Graag versoek die ouerkomitee alle ouers wat bereid is om te kom help met verkope op hierdie dag, om die google-vorm te voltooi sodat u by sekere tydgleuwe ingedeel kan word – google-vorm word vandag op die klasgroepe uitgestuur en die hokkiebriewe word hierby aangeheg. Ons het u hulp baie nodig.


Vanjaar se festival beloof om weer baie lekker te wees. Kom ondersteun asseblief die skool en u kind. Kom vroeg, want parkering is gewoonlik beperk.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **11 – 12 Aug.:** | o/13 Gusckie Hokkiertoernooi |
| **14 Aug.:** | Tennisliga Dogters |
| **15 Aug.:** | Finkomvergadering |
| **16 Aug.:** | Tennisliga Seuns |
| **17 Aug.:** | Spelkompetisie (enkele leerders) |
| | Ritmegroep en Pom pom-optrede by Hoërskool Sand du Plessis |
| **19 Aug.:** | Tjokkie Hokkiefestival |

## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| **12 Aug.:** | Juf. Geraldine Doller (Grondslagfase Assistant) |
| **17 Aug.:** | Juf. Linda Vermaak (Gr. 4) |



## ANDER

**Personeelsake**

Tjokkies groet vandag vir juf. Dorette Smith. Soos vroeër genoem, het sy bedank en vertrek binnekort na die buiteland waar sy haar onderwysloopbaan gaan voortsit.

Baie dankie vir 6 jaar se getroue diens in die klaskamer en op die netbalbane. Die skool gaan haar baie mis. Ons beste wense vergesel haar op die nuwe fase in haar lewe.

# UITSLAE

Baie geluk aan ons redenaars in die grondslagfase wat hul uitstekend van hul taak gekwyt het! Die volgende plekke is behaal:




**Graad 1**

| | | |
|---|---|---|
| Jolene van Niekerk | - | Eerste |
| Hanné Maartens | - | Tweede |




**Graad 2**

| | | |
|---|---|---|
| Mianique van Straten | - | Eerste |
| Leamay Bosch | - | Tweede |
| Albert vd Westhuisen | - | Derde |
| Elminique Smit | - | Derde |



**Graad 3**

| | | |
|---|---|---|
| Andréas Rossouw | - | Eerste |
| Renette van Niekerk | - | Tweede |
| Mariné van Rooyen | - | Derde |

# KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

## #TJOKKIESHOP

**#Tjokkieshop sal vir die res van die kwartaal tydens die volgende tye oop wees:**

| | |
|---|---|
| Maandae: | 12h30 – 14h00 |
| Woensdae: | 07h30 – 08h30 |
| Vrydae: | 12h30 – 14h00 |

## SNUFFELS






**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE

